8. Ramings en Kollektes

8.1 Wat is ramings?

Die woord ramings is in Sinode 1885 die eerste keer gebruik. Ramings is kerke se verantwoordelikheid om Klassisse, Streeksinodes en Algemene Sinodes se besluite uit te voer. ‘n Klassis neem ‘n besluit en die besluit het finansiële implikasies daarom word die kerke binne die Klassis geraam om die besluit uit te voer.

So gebeur dit met ‘n Streeksinode en die Algemene Sinode.

Uitgawes word deur die kerke in kerkverband gesamentlik gedra. Kerke kom ooreen om saam die finansiële las te dra.

8.2 Waarvoor raam die Algemene Sinode?

Deur die jare het Sinodes staande besluite geneem waarvoor geraam word. Die volgende is voorbeelde:

8.2.1 Sinode 1859 – Opleiding van predikante ‘n eie Teologiese Skool
8.2.2 Sinode 1873 – Om emeriti gesamentlik te versorg
8.2.3 Sinode 1931 – ‘n Administratiewe Buro
8.2.4 Sinode 1936 – Mediese versorging van emeriti
8.2.5 Sinode 1970 Instandhouding van die Argief
8.2.6 Sinode 1982 – Sinodale kas
8.2.7 Sinode 2009 – Thuso versorging van emeriti van van voormalige Sinode Middellande en Klassis Capricorn
8.2.8 Sinode 2012-2018 – Bybelvertaling
8.2.9 NWU – die datum kon nie vasgestel word nie – eindig 2018
8.2.10 Sinode 2018 – Studente Hulpfonds

8.3 Wie stel die ramings vas?

8.3.1 Die kuratore stel ‘n begroting saam vir die uitgawes vir die opleiding by die TSP en bepaal die ramings vir die TSP en stuur dit dan na die bestuur van die Admin Buro.
8.3.2 Die deputate Emeritaatsvesorging stel ‘n begroting saam vir die emeriti se versorging sowel as die mediese uitgawes en bepaal die ramings vir EVT.
8.3.3 Die bestuur van die Admin Buro stel ‘n begroting op vir die Buro uitgawes.
8.3.4 Elke deputategroep stuur hulle verwagte uitgawes om hulle opdrag uit te voer na die Buro wat dan die totale ramings vir die Sinodale kas bepaal.
8.3.5 Die bestuur van die Admin Buro stel dan ’n begroting op van beraamde uitgawes.

8.4 Die noodsaak van gereelde betaling van ramings

Die Admin Buro het vaste kostes wat elke maand betaal moet word. Die emeriti se versorging, die professore se traktering, die personeel se salarisse moet maandeliks betaal word. Onbetaalde ramings veroorsaak ‘n gebrek aan kontantvloei. Daar kan kwalik vir die emeriti gesê word daar het hierdie maand te min ramings ingekom daarom kan hulle nie versorg word nie.

8.5 Waarvoor gaan die ramings?

8.5.1 TSP (Teologiese Skool Potchefstroom)

Die TSP se begroting behels die traktering van ‘n aantal professore en salarisse van die administratiewe personeel. Administratiewe uitgawes soos elektrisiteit, fotokopieering, skryfbehoeftes, reiskostes, ens. Die traktering en salarisse styg jaarliks met ‘n lewensaanpasing.

8.5.2 Emeritaatsversorging
Emeriti ontvang uit die Emeritaatsversorgingstrust maandeliks versorging, volgens die ledevergadering se Orderëelings van die Emeritaatsversorgingskombinasie. Die versorgingbedrae word jaarliks aangepas.

8.5.3 Administratiewe Buro
Die Admin Buro word beman deur ‘n aantal personeellede wat normale salarisse en ander voordele soos pensioenfonds ontvang. Daar is egter baie administratiewe uitgawes soos in ‘n normale kantoor opset.

8.5.4 Sinodale kas
Alle deputate se reiskostes, administratiewe uitgawes en ander word deur die kas bekostig.

8.5.5 Mediese versorging emeriti
Volgens Sinodebesluit word emeriti se mediese uitgawes volgens ‘n glyskaal deur die ramings betaal. Die glyskaal neem egter af. (Kyk hoofstuk 5, Ordereëling, punt 4.3.6).

8.5.6 Kerkargief
Die instandhouding van die GKSA se argief behels die personeel se salarisse, argivalemateriaal, reiskoste en administratiewe uitgawes.

8.5.7 Thuso
Thuso beteken “HELP” in Tswana. Die voormalige Sinode Middellande en Klassis Capricorn se emeriti het geen versorging uit die kerke in kerkverband ontvang nie. Daar is ‘n raming wat by alle kerke ingesamel word. Die versorging geskied op aanbevelings van die betrokke Klassis en word jaarliks aangepas.

8.5.8 Studente Hulpfonds
Hulp aan alle behoeftige teologiese studente – vir mediese uitgawes, reiskoste, akkommodasie, voedsel, ens.

8.6 Kollektes

8.6.1 Hoekom kollektes?
Vir baie jare het Sinode op Sinode verskillende verpligte kollektes vasgestel vir ‘n drie jaar termyn.

GETAL	VERPLIGTE KOLLEKTES 2023 – 2025
1	**Bybelverspreiding** Doel: Om die Bybelgenootskap van SA by te staan met die druk en verspreiding van Bybels.
1	**Dankbaarheidsfonds (naaste aan 11 Februarie)** Doel: Om dankbaarheid teenoor die Here te betoon dat Hy die Gereformeerde Kerke vir 150 jaar bewaar het. Die opbrengs word as ‘n addisionele inspuiting bestem om die Emeritaatversorgingstrust te versterk, kerke wat nie voldoende finansiële middele het nie, te help en historiese geboue van die GKSA in stand te hou.

1	**Kerklike Tydskrifte** Doel: Om aktuele artikels met ‘n Gereformeerde grondslag te publiseer.
1	**Ekumenisiteit [Buitelands]** Doel: Om skakeling met ander Gereformeerde kerke met wie die GKSA noue bande in die buiteland het, te bevorder.
2	**Thusofonds** Doel: Om die emeriti uit die jonger kerke (voormalige Sinode Middellande en Klassis Capricorn) te help versorg.
7	**Emeritaatsversorging** Doel: Om die emerituspredikante, -weduwees en wese van die Gereformeerde Kerke met lewensonderhoud en mediese bystand eervol te help versorg.
5	**GKSA Sustentasiefonds** Doel: Om kerke wat nie finansieel onafhanklik kan bestaan nie by te staan sodat die Woordverkondiging steeds daar kan voortgaan en om nuwe voorposgemeentes te stig waar die Woordverkondiging dringend noodsaaklik is.
4	**Teologiese Studentekas** Doel: Om studente wat aan die Teologiese Skool te Potchefstroom studeer, finansieel met beurse te help sodat die Gereformeerde leer uitgebou en verkondig kan word.
1	**Teologiese Studente hulpfonds** Doel: Hulp aan behoeftige studente.
1	**Deputate Jeugsorg** Doel: Ondersteuning vir die werksaamhede van die Deputate Jeugsorg
1	**Expando** Doel: Om ‘n sentrum vir bedieningstoerusting en begeleiding onder die toesig van die Kuratore en in samewerking met Fakulteit Teologie te vestig.

	VRYWILLIGE KOLLEKTES 2023 – 2025
1	**Bystandsfonds vir Diakonie kragtens KO, art 25** Doel: Om predikante wat uit die bediening is (of afgesette predikante) en in nood verkeer te help.
1	**Instituut vir Christelike Onderwys [ICO]/Lesmateriaal** Doel: Bevordering onafhanklike Gereformeerde skole en onderwys
2	**Kerklike Tydskrifte (wanneer nodig)** **Doel:** Om aktuele artikels met ‘n Gereformeerde grondslag te publiseer.
1	**Proponente Hulpfonds** Doel: Hulp aan proponente wat beroepe afwag in samewerking met die sturende kerke, ondersteun kan word wat hulle lewensonderhoud betref.

Dit word aanbeveel dat die die doel van die kollektes elke Sondag volledig afgekondig word. Dit sal verder baie nuttig wees as die kollektes wat op ‘n bepaalde Sondag opgeneem gaan word, reeds die vorige Sondag afgekondig word, in die gemeente se nuusbriewe gepubliseer word en/of deur middel van die media waarmee op Sondae met die gemeente gekommunikeer word. Volledige bekendmaking en voorafbekendmaking werk mee om lidmate te motiveer om mede-eienaarskap te neem/aanvaar vir ‘n bepaalde saak waarin elkeen geleentheid kry om deel te voel van die betrokke saak.